SINOVILLE SAPD,misdaadvoorkomingswenke

Sinoville SAPD streef daarna om sy inwoners ingelig te hou met die misdaadvoorvalle en tendense in sy polisiëringsgebied. Huisbrake, diefstal uit en diefstal van motorvoertuie bly ’n voortslepende probleem in ons omgewing.

Graag wil ons weer wenke aan u deurgee om ons te help om sodoende die misdaad aan te spreek in ons polisiërings gebied.

-Raak betrokke by u bure en vestig goeie verhoudinge met hulle.

-Begin ’n “whattsapp” groep en vestig ’n straat komitee in u straat en direkte omgewing om enige verdagte persoon, voertuig of situasie te rapporteer en so almal in te lig oor wat aangaan in die straat. Dit skep “ekstra oè “ en paraatheid wat voornemende boosdoeners afskrik.

-Sluit aan by Sinoville Gemeenskapspolisièrings forum wat die polisie help met misdaadbekamping.

-Raporteer verdagte persone aan die polisie.

-Verseker dat u hek altyd toe en gesluit is.

-Grafeer u besonderhede op u hekmotor en bring ’n sluit meganisme aan wat keer dat u hekmotor van buite af los gemaak kan word en so gesteel word.

-Sorg dat u motor ten alle tye gesluit is, selfs al gaan u “net vinnig” wees.

-Parkeer naby of by motorwag as u winkelsentrums besoek.

-Sorg dat alle elektoniese toestelle en waardevolle items in die kattebak gebêre word voordat u die huis verlaat.

-Maak seker u voertuig is gesluit deur aan die deure te voel of dit wel gesluit is. Voertuie word gereeld geteiken deur kar “jammers”. As daar wel by u motor ingebreek is, gaan ons die voertuig moet sien om ’n volledige dossier oop te maak en ondersoek kan doen. Vingerafdrukke moet geneem word om die skelms te arresteer. As u reeds die skade herstel het, moet u die faktuur saambring sodat ons wel kan bevestig dat daar by u voertuig ingebreek is.

- Raporteer alle misdaad verwante aangeleenthede sodat die polisie kan kennis dra van voorvalle en daar volgens dan meganismes inwerking kan stel om dit aan te spreek.

- As daar enige klagtes of probleme ervaar word met die Polisie, word u gevra om dit aan te meld by die polisie stasie sodat dit opgelos kan word, en nie u probleem op sosiale media te plaas nie. Klagtes kan slegs aangespreek word as dit deur die regte persone aangespreek word.